

Saterdag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 3:16-19

Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19

Die geheim van nogtans-geloof

Nogtans-geloof. Wanhoop word vertrou wanneer jy die geheim van nogtans-geloof ontdek. Deur 'n nogtans-geloof verskuif jou perspektief van jou nood af na God toe.

Daar kom dae in jou lewe wanneer dit lyk of God nie meer in beheer is nie. Dit lyk asof die goddelose die oorhand gekry het en dat die lewe sy rug op jou gedraai het. Jy weet nie of jy nog staande kan bly nie.

Dit is in sulke tye wanneer jy nie met jou gewone oë na die wêreld moet kyk nie, want God se heerskappy is dikwels net sigbaar wanneer jy met jou geloofsoë kyk. Wanneer jy glo en vertrou dat God wat gister vir jou gesorg het, dit ook vandag en môre sal doen.

Habakuk se omstandighede was haglik. Alles het verkeerd geloop. Die vyeboom bot nie, die olyfoes misluk, daar is geen oeste op die lande nie, geen kleinvee of beeste in die kampe nie. Alles om hom was donker. Maar dan hoor ons hoe hy in die Here vertrou: "Nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag."

Die geheim van 'n nogtans-geloof is in Jesus Christus jou Redder geanker. Hoor wat sê Hy in Matteus 11:28: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." Hou jou geloofsoë gerig op Jesus en jy sal vind dat jy jou nie meer teen die steiltes blindstaar nie, want God is langs jou.

Ontdek die geheim van 'n nogtans geloof en beleef hoe dit jou lei van wanhoop na vertrou. God het reeds die oorwinning behaal! Hy is jou kragbron. Hy gee vir jou krag. Hy maak jou voete soos die van 'n ribbok. Op hoë plekke laat Hy jou veilig loop.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)